

22 Mei

Romeine 4:11; HK, Sondag 25

Hoe werk die Heilige Gees deur die sakramente?

Die wonderbare werking van die Heilige Gees kom tot openbaring in die prediking van die Evangelie. Maar nou kom die Heilige Gees ook na ons deur die bediening van die Doop en die Nagmaal. Dit is die sakramente. Sakramente is sigbare preke waardeur die Heilige Gees ons die beloftes van God beter laat verstaan.

Vanweë die enige offer van Christus wat aan die kruis volbring is, belowe God aan ons: Hy skenk vergewing van sondes en die ewige lewe uit genade.

Deur die sakramente word God se beloftes aan ons as't ware onderstreep. Sy beloftes word nogeens beklemtoon om alle twyfel uit die weg te ruim.

Die sakramente onderstreep wat die Here wil doen en nie wat in die mens gebeur nie. Wanneer jy gedoop word is dit nie 'n teken van iets wat in jou gebeur nie naamlik dat jy jou nou bekeer het of dat jy glo of wedergebore is nie.

Nee, die doop is die onderstreping van wat God belowe. Die sakrament sê: Amen.

Wat God belowe, staan vas. Daar is nie plek by Hom vir "miskien" nie. Wat God belowe, doen Hy. So word geloof makliker gemaak.

Die Woord van God wys ons op Jesus Christus die gekruisigde. Die Heilige Gees verkondig aan my dat Christus ook vir my gesterf het en die sakrament onderstreep dit: waarlik, Hy het ook vir my gesterwe, my sondeskuld is betaal en ek ontvang reg op die ewige lewe. So kom Christus deur sy Gees ons swakhede te hulp met die sakramente.

Sing: Psalm 119:10

Ds. J.H. Grobler (Grootfontein)